



eduresourceza.com

ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: BEGRIPSTOETS 1

Januarie 2021

EKSAMINATOR: Mev L Swart

MODERATORE: Mev R Vink, Mev R van Niekerk (Yeshiva College)

Vraag 1		10
Vraag 2		10
Vraag 3		10
		30

NAAM: _____

Teks 1:

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ag pleez Deddy

2020 het darem'n silwerrandjie. Die inry is terug! skryf Dawie Boonzaaier



1. Uiteindelik sal Deddy nou al agt, nege tien van julle *drive-in* toe kan vat. Ook sal jy die ouer generasie se herinneringe uit die verlede kan verstaan wanneer hulle sê "julle sal nooit verstaan hoe lekker 'n inry is nie!" Elke wolk het 'n silwerrandjie en 2020 met sy weggesteekte maskerglimlagte, en "jy's *gemute*" as mees gesproke frase, het uiteindelik iets positiefs opgelewer: die inry is terug!
2. Ja, die era van sosiale afstand het genoodsaak dat mense wat graag in rolprentwêreld wil verdwyn, dit op 'n ander manier doen. Fliks is verniel deur Covid-19. Links en regs kanselleer vervaardigers die uitreiking van groot

rolprente soos *A Quiet Place Part II* en James Bond se *No Time to Die*. Maar wat moet 'n fliekvlooi doen as hy 'n fliek wil kyk? Hy wil seker nie elke aand op die rusbank lê nie?

3. Die antwoord lê toe in die verlede. So bied GoDriveIn vir my en drie vriende die geleentheid om verlede Sondag uiteindelik die inry te ervaar. Veilig in jou eie motor, met mense wat jy weet jou nie gaan siek maak as julle springmielies deel nie. Ongelukkig is daar nou nie splinternuwe flieks nie, maar daar's kos, mense vir wie jy kan waai en daar is springmielies!
4. As jy ooit spyt was dat jy nie 'n ou klassieke treffer op die groot skerm kon geniet nie, is dit nou jou kans. Uiteindelik kon ek Steven Spielberg se dinosourusprennt *Jurassic Park* sien soos hy dit sou wil hê: groot en hard.
5. GoDriveIn het vroeër vanjaar sy deure opgegooi. Tyrone Rubin, mede-eienaar en self 'n fliekvervaardiger, sê sy vennoot die fliekmaker, Grant de Sousa, kla al jare dat Kaapstad nie 'n inry het nie. "Ek het nie gedink dat ons dit ooit sou regkry nie." Die inperking het egter alles verander.
6. GoDriveIn is op die oomblik slegs in Soutrivier, Kaapstad oop vir sake, in 'n ou vulstasie en parkeerterrein langs die hoofpad. Dit kos R220 vir 'n voertuig met 2 passasiers, R300 vir drie passasiers en R320 vir vier. Vir kinders onder 12 is dit R50. Saterdaggaande is gesinsaande met flieks soos *How to train your Dragon* en *The Hidden World*.

[365 woorde BRON: Verwerk uit *Rapport*, 1 November 2020]

VRAE:

- 1.1. Gee een rede uit paragraaf 2 wat verduidelik hoekom die inry weer teruggekom het. (1)

1.2. Hoe het Covid-19 die rolprentindustrie geaffekteer? (1)

1.3. Hoekom is dit veiliger om na 'n inry toe te gaan as na 'n rolprentteater? (1)

1.4. Watter southappie kan jy eet terwyl jy na die rolprent kyk? (1)

1.5. Na watter rolprent het die skrywer van die artikel daardie Sondagaand gekyk? (1)

1.6. Waarom word hoofsaaklik ou rolprente gewys? (1)

1.7.1. Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.

Tyrone Rubin is die enigste eienaar van GoDriveIn. (1)

1.7.2. **Haal aan** om jou antwoord te motiveer. (1)

1.8. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n fliekvlooi is. (1)

1.9. Wie gaan meer betaal om saam in een motor inry toe te gaan? Twee ouers en twee kinders of vier volwassenes? (1)

[10]

Teks 2: Advertensie

Bestudeer die advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Europese ontdekkingsreis vanaf Baltiese lande na Spanje – September 2021



Pakket sluit in:

Hotelterverblyf

- 1 nag vier-ster-hotelterverblyf in Stockholm met ontbyt
- 1 nag vier-ster-hotelterverblyf in Barcelona met ontbyt

Bootreis

- 12-nag-vaart aan boord Costa Fortuna met alle maaltye en vermaak ingesluit
- Koel af in een van die swembaddens, ontspan in die borrelbaddens
- Durf medepassasiers op die sportbane aan



Jou reisplan

Dag 1 Stockholm

Stockholm is die ideale stad om te voet te verken. Hier sal jy 'n verskeidenheid museums en galerye en vriendelike kuierkafees en restaurant kan kry.

Dag 2-4 Opsee

Dag 5 Kopenhagen

Dié stad se groot bekoring lê in die geboue wat deur Denemarke se monarge opgerig is, en bied 'n skatkis vol laat-Renaissance en Rococco-argitektuur.

Dag 6 Op see

Dag 7 Amsterdam

Amsterdam is in die omgangstaal bekend as die Venesië van die Noorde. Die stad se lieflike kanale bied meer as 1500 brûe wat heen en weer oor die stad loop en is omring met pragtige argitektuur.

Dag 8 Brugge

Brugge is bekend vir sy heerlike sjokolade en groot verskeidenheid plaaslike bier.

Dag 9 Le Havre

La Havre in die lieflike streek Normandië bied kunsgalerye, kuierkafees en die merkwaardige St. Joseph-kerk.

Dag 10 Op see

Dag 11 Vigo

Vigo is in 'n wonderskone natuurlike omgewing. Probeer gerus die plaaslike seekos by die hawe en doen inkopies in die Rua do Principe.

Dag 12 en 13 Op see

Dag 14 Barcelona Verlaat die Costa Fortuna & Hotelterverblyf.

Die Katalaanse hoofstad is een van Spanje se gunstelingstede. Ontdek die aromatiese kosmarkte, vol van plaaslike rypgemaakte vleis of groente of besoek die mooi strande loopafstand van die middestad.



2.1.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)
Jy sal nie vir jou kos op die boot moet betaal nie.

2.1.2. Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal. (1)

2.2. Hoeveel nagte sal jy gedurende hierdie vakansie in hotelle bly? (1)

2.3. Haal **EEN** woord uit die teks aan wat dieselfde as 'indrukwekkend' beteken. (1)

2.4. Wat sal jy in Stockholm wil doen as jy van kuns hou? (1)

2.5. Sê in jou eie woorde deur wie die geboue in Kopenhagen gebou is. (1)

2.6. Hoekom word Amsterdam as die Venesië van die Noorde beskryf? (1)


2.7. Waar sal jy aandenkies in Vigo kan koop? (1)

2.8. Hoe weet jy dat die bier in Brugge daar gemaak word? (1)

2.9. Is dit ver om van Barcelona se middestad tot by die strand te kom? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

Teks 3: Spotprent



3.1. Wat beeld hierdie spotprent uit?

(1)

3.2. Gee een visuele leidraad dat daar baie min deur die mense wat wel by die werk is, gewerk word. (1)

3.3. Wat noem ons hierdie werkplek? Skryf net die woord neer. (1)

3.4. Hoe weet jy dat hierdie werkplek wel skoongemaak word? (1)

3.5. Wat doen hierdie werkers om Covid-19 te probeer voorkom? (1)

3.6.1. Wanneer, dink jy, was die persoon (links voor) laas by die werk? (1)

3.6.2. Motiveer jou antwoord vir 3.6.1. (1)

3.6.3. Wanneer verwag hy om weer by die werk te wees? (1)

3.7. Hoe weet jy dat die werknemer (heel links) nie baie honger was nie? (1)

3.8. Watter sportsoort speel die persoon wie se lessenaar regs voor in die spotprent is? (1)

[10]

Nasienriglyne

- 1.1. Die era van sosiale afstand (1)
 - 1.2. Dit het rolprente verniel/ hulle maak nie meer rolprente nie/ negatief ens (1)
 - 1.3. Jy behou sosiale afstand/ weet dat jou vriende gesond is ens. (1)
 - 1.4. Springmielies (1)
 - 1.5. Jurassic Park (1)
 - 1.6. Daar is geen nuwes gemaak nie (1)
 - 1.7.1 Onwaar (1)
 - 1.7.2. Mede-eienaar/ sy vennoot (1)
 - 1.8. Iemand wat graag na rolprente/ flieks gaan kyk (1)
 - 1.9. Dis dieselfde prys (1)
- [10]**

- 2.1.1. Waar (1)
 - 2.1.2. maaltye ingesluit (1)
 - 2.2. twee (1)
 - 2.3. merkwaardige (1)
 - 2.4. Jy sal galerye besoek (1)
 - 2.5. konings (1)
 - 2.6. Al twee stede het kanale (1)
 - 2.7. in die Rua do Principe (1)
 - 2.8. plaaslike beteken die bier word daar gemaak (1)
 - 2.9. Nee, loopafstand (1)
- [10]**

- 3.1. 60% van staatsbeamptes is in Vlak 3 op verlof/ met vakansie (1)
 - 3.2. twee van hulle slaap (1)
 - 3.3. 'n kantoor (1)
 - 3.4. Daar is 'n mop, besem, emmer om die kantoor skoon te maak. (1)
 - 3.5. Hulle dra maskers (1)
 - 3.6.1. Februarie (1)
 - 3.6.2. Sy tydskrif is Februarie dateer (1)
 - 3.6.3. Hy weet nie (1)
 - 3.7. Hy het nie al sy kos opgeëet nie (1)
 - 3.8. tafeltennis (1)
- [10]**